GoIndustry DoveBid
A LIQUIDITY SERVICES MARKETPLACE

HOE OM TE REGISTREER EN DEEL TE NEEM AAN 'N AANLYN VEILING OP: www.go-dove.com

1. Registreer as lid op die webwerf: **https://international.go-dove.com/en/accounts/register.asp**
2. Nadat u die nodige inligting voltooi het, sal die sisteem 'n outomatiese epos aan u stuur, welke epos 'n skakel sal bevat sowel as 'n tydelike wagwoord. Volg asb die skakel om u epos adres te bekragtig
3. Sleutel die tydelike wagwoord in die spasie voorsien en verander ook u wagwoord na 'n wagwoord van u keuse. (Maak 'n duidelike nota van u nuwe wagwoord en gebruikersnaam ("username")
4. Keer terug na die webwerf en teken in deur u gebruikersnaam en wagwoord in sleutel.
5. Volg dan die skakel na die veiling waarin u belangstel om deel te neem ("Auction>All Auctions & Sales").
6. Aan die regter bo kant van die openingsblad of die veilingblad sal u 'n skakel sien wat lees "Sign up for Event", druk hierop om die skakel te volg.
7. 'n Kennisgewing mag verskyn wat sal aandui dat u slegs "viewer/registrant" status geniet. U moet dan aansoek doen om koper status, welke u kan doen deur op die skakel te druk en u besonderhede te bevestig, sowel as die termes en voorwaardes te aanvaar.
8. 'n Kennisgewing sal dan verskyn wat aandui dat u koper status binne 72 uur geaktiveer sal word. Skakel gerus ons kantoor indien die status nie binne 72 uur geaktiveer word nie.
9. Sodra u goedgekeur is, keer asb. terug na die webwerf, veilingsblad en druk op "View Lot Catalogue". Alvorens u dit doen moet u seker maak dat u ingeteken is op die webwerf.
10. Hierdie skakel sal die volledige lys van bates/lotte ten toon stel wat op die veiling aangebied word.
11. In die middel van elke lot is daar 'n prentjie wat lyk soos 'n pen met 'n beskrywing wat lees "Watch This"
12. Druk op die "Watch This" skakel op die spesifieke bates/lotte waarin u belangstel om op te bie, die prentjie sal dan verander na hierdie simbool: 🔍. Sodra hierdie simbool verskyn was u suksesvol om die bates/lotte te verskuif na u "bid manager".
13. U sal nou in staat wees om al die bates/lotte waarin u belangstel te sien vanuit u "Bid Manager" en sal ook van hier af kan deelneem aan die veiling. Ten einde by u "bid manager" te kom, druk op die "My Account" skakel en gaan dan af na u "Bid Manager", en vandaar na "Active Lots"
14. Van hier sal u volle beheer hê op die bates wat u verskuif het na u "Bid Manager". Daar sal verskeie simbole verskyn wat die status van die bates/lotte aandui sowel as die status van u bod, byvoorbeeld reserwes bereik, aanbod gewen, aanbod verloor ens.
15. Druk op die "Bid Now" skakel, vul u bedrag in en druk op "Place Auto Bid", sou u 'n "Auto Bid" wou plaas. Die sisteem sal u dan versoek om u bedrag te bevestig.
16. Alle veilings het 'n sluitings tyd en datum. Let asb dat die veiling vir 'n verlengde periode mag voortgaan, byvoorbeeld: elke lot moet 10 minute hê waarin daar geen aktiwiteit plaasvind op die lot nie alvorens die lot sal sluit. Sou die veiling dus om 14:00 (SA tyd) sluit en 'n bod word gemaak op Lot 1 om 13:55, dan sal Lot 1 oopbly tot 14:05. 'n Aanbod kan egter nou weer op Lot 1 ontvang word om 14:02 en sal die sluitingstyd aanskuif met 'n verdere 10 minute. Hierdie reëling is gemaak ten einde kopers by te staan wat swak internet konneksie het en is gebaseer op die beginsel van 'n afslaer wat die veiling afsluit met "Going, Going, GONE!" waarin kopers nog 'n geleentheid het om 'n verhoogde aanbod te maak. Maak dus seker dat u alle lotte dophou waarin u belangstel.

Belangrike kennisgewing:

A. Alle bates/lotte word verkoop onderhewig aan 'n reserwe prys. Sou die reserwe prys nie op veiling behaal word nie, sal ons dit aanbied aan die volgende hoogste, aanvaarbare aanbod ontvang.
B. Neem kennis dat die koperspremie en BTW betaalbaar is bo op die aanbod prys op die bates. Stel asb ons kantoor in kennis indien u, die koper, 'n buitelandse burger is.
C. U kan ook die volgende skakel volg vir verdere hulp: http://www.go-dove.com/help/default.asp
D. U kan ook op YouTube die video kyk genaamd: How to Register at Go-Dove.com. Hiermee die skakel: http://www.youtube.com/watch?v=rZkr8nfumfs